higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N870**(A)**(J12)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE PUBLIEKE ADMINISTRASIE N4

(21010014)

12 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

GS

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE PUBLIEKE ADMINISTRASIE N4
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Afdeling A is verpligtend.
2. Beantwoord enige DRIE vrae uit Afdeling B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1: VERPLIGTEND

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die funksie van die Konstitusionele Hof is om die betekenis van die grondwet te bepaal.

1.1.2 Die Hoogste Hof van Appèl hoor die ernstigste kriminele sake aan.

1.1.3 Administratiewe uitvoerende owerhede moet verseker dat die politieke uitvoerende owerhede wette en beleide implementeer.

1.1.4 Die adjunkpresident se ampstermyn eindig nie wanneer 'n nuutverkose president sy amp beklee nie.

1.1.5 Die president het al die administratiewe uitvoerende gesag op nasionale vlak.

1.1.6 Kabinetsministers is politieke hoofde van staatsdepartemente.

1.1.7 Demokrasie beteken dat die mense nie diegene in beheer aanspreeklik kan hou vir hul dade en besluite nie.

1.1.8 Munisipale rade moet toesien dat munisipaliteite genoeg geld het om vir dienste te voorsien.

1.1.9 Alle wette wat wetgewende instellings maak is onderworpe aan die Grondwet.

1.1.10 'n Mens kan slegs 'n burger van Suid-Afrika word as 'n mens hier gebore word.

1.1.11 Kiesers kan slegs stem in die streek of distrik waar hulle in nasionale en provinsiale verkiesings geregistreer het.

1.1.12 Die reël van die reg is die beginsel dat niemand bo die wet is nie.

1.1.13 In 'n tradisionele gesin werk albei ouers.

1.1.14 Die gebied van 'n staat sluit nie sy territoriale waters en nasionale lugruim in nie.

1.1.15 'n Gesin is die kleinste eenheid in die gemeenskap.

(15 × 1) (15)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Die ... is baie kragtig omdat dit die president of die parlement kan vertel dat hulle nie die Grondwet nakom nie.

1.2.2 In 'n demokratiese land moet 'n verkiesing ten minste elke ... jaar gehou word.

1.2.3 Die Nasionale Raad van Provinsies bestaan uit verteenwoordigers van elke ... .

1.2.4 Lede word tot die Nasionale Vergadering verkies deur middel van 'n stelsel genaamd ... .

1.2.5 Alle staatsbesteding op nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsvlakke moet deur die ... geoudit word.

1.2.6 Die ... is verantwoordelik vir die analise en vooruitgang op fiskale beleid en openbare finansies.

1.2.7 Die Grondwet bevat 'n ... wat die verhouding tussen verskillende burgers reguleer.

1.2.8 Wanneer die Nasionale Vergadering 'n wetsontwerp vergesel, moet die wetsontwerp na die ... verwys word.

1.2.9 Gewone landdroshowe handel met burgerlike sowel as ... sake.

1.2.10 Die ... bestuur verkiesings van nasionale, provinsiale en munisipale wetgewende liggame. (10 × 1) (10)

[25]

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Inflasie is 'n proses van deurlopende toename in die prys van die meeste goedere en dienste in die land.

2.1.1 Wat kan die regering doen om inflasie te beheer? (4 × 2) (8)

2.1.2 Wat is 'n monetêre beleid? (4 × 1) (4)

2.2 Gee die DRIE eienskappe van 'n kameraderie-familiesisteem. (3 × 1) (3)

2.3 Noem SES administratiewe prosesse wat gelei het tot administratiewe optrede om doelwitte te bereik. (6 × 1) (6)

2.4 Beskryf wie in 'n Suid-Afrikaanse verkiesing mag stem. (4 × 1) (4)
[25]

VRAAG 3

3.1 Die Parlement bestaan uit die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies.

3.1.1 Hoeveel lede word verkies tot die Nasionale Vergadering? (2 × 1) (2)

3.1.2 Hoe kwalifiseer 'n persoon vir lidmaatskap van die Nasionale Vergadering? (2 × 2) (4)

3.1.3 Noem DRIE diskwalifikasies vir lidmaatskap van die Nasionale Vergadering. (2 × 3) (6)

3.2 Noem die aangeleenthede waaroor die Provinsiale Wetgewer gesag het. (10)
(10 × 1)

3.3 Noem enige DRIE bevoegdhede van die Staatspresident. (1 × 3) (3)
[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Suid-Afrika is 'n eenheid grondwetlike republiek waarin die president die regering bestuur.

Noem VIER eienskappe van die staat. (4 × 2) (8)

4.2 Noem die DRIE tipes familie stelsels. (3 × 1) (3)

4.3 Verduidelik die beginsel van die skeiding van magte. (4)

4.4 Hoe kan mens 'n Suid-Afrikaanse burger word? (4)

4.5 In enige administratiewe proses is dit moontlik om tussen ses hoofgroeperings van prosesse te onderskei.

Identifiseer VYF groeperings van administratiewe proses. (1 × 5) (5)

4.6 Noem die instelling wat wetgewende gesag op nasionale vlak het. (1)
[25]

VRAAG 5

5.1 Die Nasionale Grondwet maak voorsiening vir provinsiale belasting, uitsluitend inkomstebelasting en belasting op toegevoegde waarde.

Watter tipe belasting en heffings mag 'n provinsiale regering oplê? (5 × 2) (10)

5.2 Wie is verantwoordelik vir die ontwikkeling van fiskale beleid? (2)

5.3 Beskryf DRIE doeleindes/funksies van adviesrade binne die Suid-Afrikaanse regeringstelsel. (3 × 2) (6)

5.4 Noem die funksies wat premiers in konsultasie met hul uitvoerende raad het. (7 × 1) (7)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 75
GROOT TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou